http://sajlis.journals.ac.za/


# Book Reviews/Boekresensies

## Dying for information? An investigation into the effects of information overload in the UK and worldwide

London: Reuters
1996
ISBN 1-901249-00-X
Soft cover, illus., 56p.
£40. 00

Die verslag handel oor 'n ondersoek wat onderneem is na die gevolge van inligtingoorlading (information overload) in die Verenigde Koninkryk, die Verenigde State van Amerika, Australië, Hong Kong en Singapoer. Die studie is deur Reuters geborg en deur Benchmark Research, Ltd., 'n bekende Britse marknavorsingsmaatskappy, onderneem.

'n Goeie voorwoord is deur David Lewis, 'n internasionaal erkende sielkundige, konsultant en dosent, geskryf. Hy

http://sajlis.journals.ac.za/



wys daarop dat daar in die afgelope dertig jaar meer inligting gepubliseer is as in die voorafgaande 5 000 jaar. Die totaal van alle gedrukte kennis verdubbel elke vyf jaar. Baie uitvoerende beamptes ervaar stres omdat hulle bewus is van groot hoeveelhede inligting en hulle vrees dat hulle nie daarby kan uitkom nie omdat elke week net 'n vaste aantal ure het. Dit lei daartoe dat baie uitvoerende beamptes aan die 'veg/vlug' (fight/flight) sindroom lei. As gevolg van dié sindroom vind baie bestuurders dit moeilik om nugter te dink of om verstandig op te tree. Uiteindelik lei dit tot 'executive stress'.

Lewis stel drie oplossings vir die 'information burden' voor. Eerstens moet mense van jongs af opgelei word om beter tussen primêre en sekondêre inligting te onderskei. Tweedens moet inligting beter aan vooraf ontleding en filtrering onderwerp word sodat bestuurders net dié inligting wat hulle werklik benodig, kry. Na my mening behoort inligtingbestuurders en bibliotekarisse baie aandag aan dié aspek te gee. Laastens behoort kommunikasievaardighede verbeter te word om onnodige inligting uit te skakel.

Die doel van die opname was om ondersoek in te stel na:

- 'The existence of information overload (perceived or otherwise) within organisations
- Levels of stress suffered as a result of information overload
- The personal cost (both short and long term) of information overload
- The social implications of information overload
- The existence, or not, of corporate information policies to counteract information overload and the types of policy in operation
- The survey also explored these issues by age group, sex, job function/department and industry sector' (p4).

Vir die doel van die opname is inligting gedefinieer as '[it] consists of written reports, newspapers, magazines, internal memos and electronic information including e-mails, fax messages, databases and the Internet' (p4).

Die ondersoek is gedoen met behulp van vertroulike telefoniese onderhoude gedurende Maart/April 1996. Die oorgrote meerderheid van die respondente is van die Verenigde Koninkryk en die VSA afkomstig. Die samestelling van die monster is goed gedoen en oor die algemeen lyk die metodologie van die opname goed en kon dit gevolglik geldige bevindings oplewer.

Die verslag is duidelik en tipografies baie goed aangebied. Dit bestaan uit 'n 'executive summary', 'n volledige verslag wat al die lande insluit wat by die navorsing betrek was en 'n aparte verslag wat slegs op die Verenigde Koninkryk van toepassing is. Die verslag wat hier geresenseer word, is egter 'n verkorte weergawe van die oorspronklike wat op aanvraag beskikbaar is.

Van die interessantste bevindings is myns insiens dat 41% van die respondente aandui dat hulle werkomgewing 'extremely stressful' is; dat 'n derde van die bestuurders ongevraagde inligting ontvang en dat twee-derdes van die respondente glo dat inligting onderbenut word. Meer as 80% van die bestuurders glo dat die toename in eksterne en interne kommunikasie die belangrikste oorsaak van inligtingoorlading is. Deesdae is daar net meer geleenthede vir kontak met mense binne die organisasie en verskaffers en kliënte. Altesaam 48% van die bestuurders glo dat die Internet in die volgende twee jaar 'n belangrike bydraende rede vir inligtingoorlading sal wees.

Gevolge van inligtingoorlading sluit onder andere in dat mense aan stres lei – dit is veral erg onder bestuurders in die VSA – dat hulle fisies siek raak, dat hulle werksbevrediging afneem en dat hulle nie meer tyd vir ontspanning het nie.

Die opname is volgens wetenskaplike metodes aangepak en het interessante bevindings opgelewer wat vir ons as bibliotekarisse en inligtingkundiges belangrike implikasies het. Die probleem van inligtingoorlading moet dringend aandag kry. Wat is die posisie met betrekking tot die situasie in Suid-Afrika? Wat kan ons as bibliotekarisse, inligtingbestuurders en inligtingkundiges doen om die probleem te voorkom en op te los? Dié voorafgaande is maar enkele aspekte wat uit die verslag na vore kom as belangrike terreine vir toekomstige navorsing.

Samevattend kan gesê word dat dit 'n insiggewende verslag is waarvan almal wat op die inligtingterrein werksaam is, kennis behoort te neem.

J.C. THERON

*Departement Inligtingkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.*

## Five hundred years of printing

Steinberg, S.H.

New edition, revised by John Trevitt

London: British Library

1996

ISBN 0-7123-041402

Hard cover, illus., 262p.

Steinberg se boek is as 'n Penquin-uitgawe die eerste keer in 1955 gepubliseer en hy het self die tweede uitgawe in 1961 hersien. Die boek is ook in Duits gepubliseer en van die illustrasies in die Duitse uitgawe is in die 1961 Engelse uitgawe opgeneem. In 1974 het 'n derde hersiene uitgawe verskyn onder redaksie van James Moran. Die hersiene uitgawe wat hier bespreek word, is onderneem deur John Trevitt wat probeer het om die boek op datum te bring met moderne tendense op die gebied van die drukkuns.